

INHOUDSOPGAWE

Die kruis: 'n vloek word 'n seën	1
Die grootste gawe	4
Die toegang is oop!	6
Die huwelik in die Paradys	8
Rekenskap	10
Vergifnis en tekens van berou	12

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

DIE KRUIS: 'n VLOEK WORD 'n SEËN

HJD Smit

Baie mense dink nog dat die kruis 'n Christelike simbool is. Dit is vir hulle 'n simbool van vrede en van liefde. Daarom dra sommige mense 'n kruisie om die nek of as 'n oorbel aan die oor. Ander hang 'n kruis aan die kamermuur met die bygelowige gedagte dat dit miskien die kwaad sal buite hou.

Simbool van vloek

Mense vergeet dat die kruis 'n martelwerktuig is. Die kruis kan eintlik met 'n galg vergelyk word. Die kruisdood is net baie gruweliker. Dit was die straf wat die Romeine tweeduisend jaar gelede by voorkeur gebruik het vir veroordeelde slawe en groot misdadigers. Die veroordeelde is, meesal nakend, aan die kruis gespyker om soms vir dae lank wagtende op die dood, leeg te bloei, geteister deur ondraaglike pyn, koors en dors.

Vir die Jode was die kruis allesbehalwe 'n simbool van vrede en liefde — dit was 'n simbool van die vloek van God. Het Moses dan nie in Deuteronomium geskryf dat elkeen wat opgehang is, deur God vervloek is nie? 'n Gekruisigde hang tussen hemel en aarde. Die aarde wil hom nie hê nie, en die hemel ook nie.

Paulus stel dit dan ook, tereg, dat die



kruis 'n groot struikelblok vir aanvaarding van Jesus Christus as Redder is. Vir die Jode: wie glo nou dat die Messias verlos deur as 'n vervloekte aan 'n kruis dood te gaan? Vir die heidene: wie kan glo dat jy jou verlossing van 'n veroordeelde misdadiger moet kry?

Die middelpunt van die Christelike geloof

Die kruis is egter, hoe omstrede ook al, steeds die middelpunt van die Christelike geloof. Alles draai daar om. Die kerk verkondig 'n gekruisigde Jesus. Paulus sê selfs dat die kruisiging die hart van die verkondiging van Jesus is. Hy het dit immers by Jesus self geleer. Baie mense beweer dat die kruis iets is wat Jesus oorgekom het. Dit sou

dan nooit Sy wil gewees het nie. Dit sou dan die openbare mening wees wat Hom eindelijk, teen sy sin, laat vaar het om die gety teë te hou. Hierdie gedagterigting hou nie stand as mens maar net wil luister na wat Jesus self gesê het en wil hoor hoedat Hy op geen manier sy veroordeling teëgewerk het nie. Jesus het in werklikheid sy lyde baie keer aangekondig en as die eintlike doel van sy lewe op aarde aangedui. Uit die oorfloedige tekstmateriaal neem ons net twee van sy vanselfsprekende uitsprake. Jesus het gesê: "... die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Mark. 10:45). Vir die Emmaüsgangers het Hy gesê: "Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie?" (Luk. 24:46). Hy bewys die 'moet' met Moses en die profete. Hy verwyrt sy dissipels vir hulle onverstandigheid en traagheid omdat hulle die kruis nie aanvaar as die middelpunt van al God se werke nie.

Die Joodse en Romeinse beskouing van die kruis.

Dit is nou tyd dat ons saam kyk na wat aan die kruis gebeur het. Om dit te verstaan, moet ons teruggaan na die Romeinse en Joodse beskouing van die kruis.

Soos reeds gesê, was die kruisiging vir die Romeinse owerheid 'n straf vir groot misdadigers. Let wel dat 'n Romeinse regter Jesus hierdie straf opgelê het nadat hy driemaal sy onskuld bevind het!

Daar sit 'n diep betekenis hierin. Jesus is onskuldig, maar Hy kry nietemin die swaarste straf. Hierdie straf word opgelê deur die Romeinse owerheid, van wie Paulus later sou sê dat hulle dienaars van God is. Weer is dit die apostel Paulus wat die diepte van die veroordeling van Christus deurvors het. Hy sien

God self agter regter Pontius Pilatus staan. God self het Jesus, wat sonde nie geken het nie, tot sonde gemaak. Het Hy nie onskuldig onder die swaarste straf gesterf nie? Die Almagtige sal dit tog nie sonder rede toelaat nie! Sy eie Seun aan die kruis? Wat was God se bedoeling daarmee? Die Joodse beskouing van die kruis kan ons hier help. Wat het die Jode uit die Woord van God oor die kruis geleer? Die vloek van God vir die gekruisigde. Sien u dit nou? Jesus hang onskuldig tussen hemel en aarde om die vloek van God te ondergaan. Dit is die grootste geheimenis van die Bybel, wonderbaarklik, byna ongelooflik. God wil sy eie Seun vervloek; God wil sy eie Seun dood hê. Waarom? Die Bybel sê "Christus het ons losgekoopt van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word" (Gal. 3:13). Vir ons . . . !

**Vir die Jode was die kruis
allesbehalwe 'n simbool van vrede
en liefde — dit was 'n simbool van
die vloek van God.**

Ons is nou daar waar dit oor die kruis se betekenis vir ons gaan. Wat het ons aan die kruis? Leer ons iets? Ja, jy leer jousef ken, jy leer God ken en jy leer Jesus ken.

Jy leer jousef ken

Die Bybel sê dat Jesus vir ons aan die kruis 'n vloek geword het om ons van die vloek van God te vrywaar. Hoe so? Is ons mense dan só doemwaardig, ryp vir die vloek van God? Dit is vir ons 'n vraag waarvan ons niks wil weet nie. Ons lewe in 'n samelewing wat vergrype, foute, sonde, afdoen met 'n: 'sorry, foutjie'. Die kruis van Jesus leer ons om onself anders te beoordeel. In God se oë is ons bevlek. Ons wil nie graag daarvan weet nie. Ons mag egter nie

Te veel Christene is jaloers op die wêreldse plesier van die sondaars en op die hemelse vreugde van die vromes, want hulle het nie een van die twee nie.

- Martin Luther

vergeet dat God 'n heilige God is nie. Hy kyk heeltemal anders na ons lewe as onself. Ons hoef trouens maar net die koerant oop te maak om te weet hoe verrot hierdie wêreld is. En ons is 'n deel van hierdie wêreld. Iemand het eens gesê dat hy wat nie die vloek voel nie (wat in hierdie lewe skuil), het die bestaan nog nie in sy volle intensiteit beleef nie (A. A. van Ruler). Die kruis van Jesus wil diegene wat nog nie van hulle slegtheid oortuig is nie, oortuig. Die laaste ding wat jy as Vader sou doen is om jou eie Seun te laat kruisig, jou eie Seun te vervloek, jou eie Seun te dood. As God dit dan nodig ag, dan moet daar iets groot fout wees met ons lewe.

Die kruis leer ons selfkennis, dit maak jou nederig. Die kruis maak mens ook diep afhanklik — afhanklik van Jesus. As Hy nie die vloek vir ons dra nie, moet ons dit self doen.

Deur die kruis leer ons ook God ken

Baie vra hulleself af waarom God nie eenvoudig die kwaad in die wêreld oorsien nie. Waarom is die dood van die Seun van God noodsaaklik om God se eie vloek af te keer? Is God 'n wrede God? Wíl God dan bloed sien?

Is God liéfde?

Só gestel, lyk die vraag moeilik om te beantwoord, want ons ken God immers as die God wat liefde is. Maar luister: God is meer as die God wat liefde is. Daar is mense wat God net wil ken as hulle 'liewe Heer'. Die Bybel sê dat God ook 'n heilige God is, en 'n God diepbewoë oor die lot van sy skepping. Die God van liefde is ook die God van die sondvloed, ook die God van die ballingskap van Israel in Babel, ook die God van die kruis. Kan God dan nie die kwaad oorsien nie? Ons kan eerder vra: hoe is dit op aarde moontlik dat God vergewe en ons boosheid op die skouers van Sy Seun laai? Vra uself af hoe óns harte nie om geregtigheid en

vergelding roep as ons van die beestelikhede in oorloë hoor nie! Dit is 'n goddelike 'vonk' in ons hart. Kwaad, of Bybels gesproke, sonde, kan jy nie maar laat verbygaan nie. Dit het gebeur. Dit is deel van ons lewe. Dit bevuil die oppervlak van die geskiedenis. Jy kan nie nou maak asof dit nie gebeur het nie. Daar moet iets aan gedoen word, ander bly dit swaar op ons hart druk. As óns so voel, hoeveel te meer dan nie God nie. Hy is die Skepper van die aarde. Hy het die aarde mooi gemaak. Daarom, sê die Bybel, bedroef dit sy hart wanneer die mense die aarde met die kwaad besaai. God kan dit nie verdra nie. Dit beteken nie dat God Homself terugtrek nie. Dit beteken dat God 'n hart het en diepbewoë is, dat Hy meeleeft daarmee wat hier op aarde gebeur. Sou God andersins God wees? As Hy nóg warm nóg koud sou wees oor wat in hierdie wêreld gebeur?

Die kruis van Jesus leer ons om onself anders te beoordeel.

Hierin lê dalk een van die oorsake waarom mense God nie meer in hulle lewe ontmoet nie. As jy eers van God 'n god gemaak het wat met alle winde saamwaai, kan jy Hom nie meer te midde van die storms van hierdie tyd vind nie. Die kruis leer ons God ken as die God wat teen die kwaad optree. Hy wil die kwaad uit sy goeie skepping wegneem. Kan mens Hom kwalik neem?

God is liefde!

Hierbenewens leer die kruis ons God ook van 'n ander kant ken. Mens leer die liefde van God nêrens só ken as juis by die kruis nie. God vervloek immers die kwaad in hierdie wêreld, maar Hy laat die vloek op sy eie Seun neerkom. Dit is ongehoord, maar " . . . só lief het God die

Daardie vyande waarna ons dikwels in angs kyk, kyk God na in minagting.

- Matthew Henry

wêreld gehad' (Joh. 3:16). Daar is dus nie sprake van dat Jesus sy goddelike Vader deur sy kruisdood moes gunstig stem nie. God is liefde, en daarom het Hy die inisiatief geneem om sy eie Seun sy vloek te laat dra - vir ons, almal wat in Hom glo.

As daar een plek is waar ons leer dat God nie die mens op aarde in sy eie ongeregtigheid laat verstik nie, dan is dit by die kruis. Ons hoor dikwels die opregte versugting: waarom doen God niks? Waarom laat God die ellende hier op aarde

maar gebeur? Laat die kruis vir homself spreek. Doen God niks? Hy het die allergrootste en allerbelangrikste reeds gedoen! Die vloek is van almal wat in Jesus Christus glo, weggeneem. Só

doen die kruis 'n beroep op ons hoop en op ons vertroue: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Rom. 8:32).

Die kruis leer ons ten slotte ook Jesus Christus ken. Die kruis staan vir pyn, ondraaglike lyding. Die kruis staan vir die dood. Die kruis staan vir die ondergaan van die vloek van God. Die kruis is 'n offer. Die kruis is 'n keuse. Jesus het die dood gekies. Hy het die straf van 'n misdadiger gekies. Hy het die vloek van God gekies.

So lief het Hy ons gehad.

So lief het Hy ons.

DIE GROOTSTE GAWE

JJH Velema



In Romeine 8 vra Paulus belangrike vrae. Op die vraag: "wie kan teen ons wees?" (Rom. 8:31) word nie 'n direkte antwoord gegee nie, maar nuwe vrae word gestel - vrae waarin die antwoord lê. In die daaropvolgende vrae hoor

ons dan hoe die Here vir alles sorg, tot aan die voleinding.

Om dit vir ons duidelik te maak, dring Paulus tot die hart van die evangelie deur. Dat God goed is, blyk uit die prys wat vir ons versoening betaal is. Om sondaars te verlos het God nie geaarsel om sy Seun as die prys vir ons saligheid te betaal nie.

God het die grootste gawe wat moontlik was gegee: sy Seun. Hy het maar één Seun; sy geliefde Seun. Die Vader het nie geaarsel om die mees waardevolle, die mees geliefde, die kosbaarste wat Hom na aan die hart lê, te gee om sondaars van die ewige verderf te red nie. Daar was nie 'n ander weg as dié weg wat die Vader gegaan het nie — sonder aarseling, sonder voorbehoud. Dit is die groot,

Die Bybel ken nie 'n geloof wat nie lei tot gehoorsaamheid nie, en dit ken ook nie 'n gehoorsaamheid wat nie uit die geloof voortkom nie. Dit is twee kante van dieselfde munt..

- AW Tozer

deurslaggewende bewys van die onpeilbare liefde van God.

Ons moet goed let op die manier waarop dit hier gestel word: “Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie” (Rom. 8:32). Dit herinner aan die offer van Abraham (Gen. 22). Die vader van die gelowiges het sy eie seun, Isak, nie gespaar nie. Dit het hom in murg en been getref toe die bevel kom om die seun van die belofte te offer. Abraham het dit ewenwel in geloof gedoen en kon op die allerlaaste oomblik hoor: “nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie” (Gen. 22:12). God het nog veel groter liefde getoon. Hy het sy Seun nie gespaar nie. Hoe kom God ons naby!

Ek het iewers tereg gelees: God se heilswerk is nie ’n onpersoonlike goddelike bestel waarin God die Onbekende bly nie. God laat Hom in die oorgawe van sy Seun, as die Offerende, Selfskenkende ken. Die gawe was nie ’n karige gawe nie, dit was ’n prysgawe van die dierbaarste wat Hy het. Meer kon Hy nie gee nie. Hy kon Homself nie dieper aan die menslike verlorenheid wegskenk nie.

Wat God gedoen het, was ongewoon. Hy het Homself baie ontsê. Hoekom het Hy dit gedoen? Uit pure liefde vir sondaars. Daar was nie ’n ander manier om sondaars te red nie.

Wat God aan sy Seun gedoen het, was vir Hom verskriklik. Hy, die Seun, val in die hande van mense en dit beteken vyandskap, lyding en dood.

Vir wie het Hy sy Seun nie gespaar nie? Vir vyande, nie vir vriende nie. Vir haters van God. Vir sondaars wat die gawe nie op prys stel nie en wat, tensy hulle oë daarvoor geopen word, geen behoefte aan die gawe het nie. Daarom is dit ’n daad van die uiterste liefde om hierdie grootste Gawe aan sulke mense te gee.

Ons het so vertrouwd geraak met die Evangelie. Dit het vir ons so ‘natuurlik’ geword dat God sy Seun gegee het, dat die wonder en die verassing vir ons daaruit is.

Dit is verskriklik jammer. Ons doen onself tekort en bowenal gee ons dan nie aan God die eer wat Hom toekom nie. Ons verwonder ons nie meer oor die onvoorstelbare, wonderbare Evangelie wat nooit te nimmer deur enige mens bedink kon word nie.

Meer kon Hy nie gee nie. Hy kon Homself nie dieper aan die menslike verlorenheid wegskenk nie.

As dié Evangelie nie meer vir ons ’n verassing is nie en ons nie die grootste Gawe wat God gegee het, raaksien nie, dan mis ons die erns én die vreugde van die geloof.

Dat God hierdie grootste Gawe moes gee, omdat dit nie anders kon nie, moet ons met skaamte vervul: só verlore is ons en so magteloos om onself te verlos. Dat God hierdie Gawe wil gee, is vir elke gelowige die diepste vreugde. Hieroor raak ons nie uitgepraat nie! Hiervoor kan ons die Here nooit genoeg dank nie. “My God, ek sal u ewig loof omdat U dit het gedoen het”.

Alles gaan so volkome net van Hom uit, dat ons daarvan stil word.


Ons kan maar net stamel. Hier word die grootste die kleinste; die sterkste die swakste; die meeste die minste. Dit is so ongehoord, so teen die menslike natuur in, so in stryd met alles wat vir ons normaal is, dat ons maar net saam met Paulus kan jubel: “God sy dank vir sy onuitspreeklike gawe”! (2 Kor. 9:15).

Totdat God nie onregverdig word nie, kan Hy nie twee betalings vir een skuld eis nie. En daarom kan Hy nie die mens vernietig vir wie Jesus gesterf het nie.

- CH Spurgeon

DIE TOEGANG IS OOP!

H Klomp



*“Terwyl ons dan, broeders,
vrymoedigheid het om in die heiligdom in
te gaan deur die bloed van Jesus . . .
laat ons toetree”.*

— Hebreërs 10:19-22

Weet u wat die verskil is tussen 'n stoel en 'n troon? 'n Troon is natuurlik baie mooier as 'n stoel. Dit is ewenwel nie die belangrikste verskil nie.

'n Stoel hoort by 'n gewone mens. 'n Koning sit op 'n troon. Op 'n stoel sit mens elke dag. 'n Koning gaan sit op sy troon as hy regeer. Stoele is daar baie.

Trone is daar net één.

'Genadestoel'

In die ou tabernakel het ook 'n troon gestaan: die ark van die verbond met die versoendeksel. Van daar af het God sy volk regeer en by hulle gewoon. Soos in die verlede dikwels gebeur het, kan 'n mens na hierdie voorwerp wys as die 'genadestoel'. Dit plaas dus die regering van die

Koning van die konings in die lig van sy genade, want dit is op dié versoendeksel wat die hoëpriester één keer per jaar die offerbloed gesprinkel het as teken van die versoening tussen die Here en sy volk. Sedert die tuiskoms van Jesus by die Vader het dit veel ryker geword. Onder die ou verbond mog die hoëpriester die allerheiligste éénmaal ingaan, maar hy mog nie daar bly nie. Wat geen hoëpriester mog doen nie het Christus vir sy volk verkry: vrye toegang tot sy Vader. Dit is veelseggend dat die voorhangsel voor die allerheiligste in die tempel by Jesus se sterwe geskeur het — van bo tot onder. Dit laat ons sien wat die betekenis van die offer van Christus is: die toegang na God is oop.

Hoe mooi die voorhangse ook geborduur was, dit het sonder woorde gesê: verbode toegang! Niemand kon sommer voor God verskyn nie. Wanneer die Ou Testamentiese priester se werk klaar was, het hy uit die heiligdom uitgekom en het die gordyn weer agter hom toegeval. Wat geen mens kon doen nie, het die Nuwe Testamentiese Hoëpriester gedoen: deur sy lewe te offer, het Hy die voorhangsel weggeneem. Hyself is nou die nuwe en lewende toegang tot sy Vader. 'n Sondaar mag nou op Jesus se koste sy toevlug neem tot die hart van God — in die heiligdom daarbó; dáár waar die Here Jesus tuis is en sy amp as Hoëpriester bedien. *“Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree” (7:25).*

Geloof is 'n oorgawe aan die groot heelmeester, waar ons ons saak volledig in Sy hande laat. En dit hou ook in dat ons sy voorskrifte volg vir hierdie genesing.

- Augustus H Strong

Gelowige toetrede

Om voor 'n koningstroon te verskyn, is vir mense wat op stoele leef nie 'n alledaagsheid nie. Wie sal dan (durf) waag om tot die troon van die lewende God toe te tree?! As onwaardige sondaars besef ons dit maar al te goed. Die toetrede na dié troon is ewenwel nie 'n waagstuk nie; dit is 'n geloofshandeling. Ons kom alles kort; Hy wat sondaars nooi, besit alles. Die Hoëpriester wat op Goeie Vrydag genade verwerf het om dit aan almal wat tot Hom toevlug neem, uit te deel, het op die troon gaan sit. Hy wat die Borg is vir die versoening van ons skuld sit op die troon — die Saligmaker, wat eens self die helse lyding ervaar het — om ons tuis te bring. Ons mag leer om as verlore sondaars vrymoedig na die troon te vlug en langs dié weg te ontdek dat Hy aan almal wat op sy Woord hoop, hierdie vrymoedigheid skenk.

Die woord 'troon' mag my dalk laat sê: ek durf nie! Die genade leer my: ek moet daar wees! Ek kan tog nie nalaat om na die Here te gaan nie?

So kry ek die vrymoedigheid om my hele hart voor die luisterende oor van God uit te spreek. Vir sulke mense is die Here daar. Hy gee aan

'n Sondaar mag nou op Jesus se koste sy toevlug neem tot die hart van God.

hulle dit waaraan hulle arm is: sy rykdom wat hulle armoede voor God bedek.

Wat 'n heerlike wonder! Wat ons ook al kortkom: ons het 'n Hoëpriester op die troon van genade! Hy is voortdurend besig om vanuit die hemel vir sy volk op die aarde te sorg. Almal wat van harte op Hom vertrou, soek en vind alles by Hom! Vir hulle gaan die lig van sy genade op en dit is daarom geen wonder dat ons salig mag word en salig mag lewe nie. Laat ons dan tot die troon van genade "toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid" (10: 22).

Die ingang is oop!

Uit Jan van Riebeeck se dagboek

6 April 1652

Dit is vandag twee jaar gelede dat ons deur die Heilige hand van God, met die skepe Drommedaris, Reyger en Goede Hoop veilig op hierdie plek aangekom het om hierdie Fort en Kolonie, na die bevel van hulle wat oor ons regeer, te bou en te vestig.

Ons het opgemerk dat God die Here, tot vandag toe, met baie seëninge, al die dinge wat ons wou doen, laat slaag het. Toe het ons besluit, om ook die eerste keer daarmee te begin om hierdie dag, die 6de April 1654, tot God's eer met danksegging te vier en dit vir altyd as blywende dankdag en dag van gebed in te stel sodat die weldade van die Here aan ons bewys, nooit deur ons nakomelinge vergeet mag word nie — maar tot God's eer in herinnering gehou mag word.

Egte geloof is deurtrek met berou.

- John Murray

DIE HUWELIK IN DIE PARADYS

P Niemeijer



As 'n mens wil beoordeel of ander saamleefvorme as die huwelik tussen man en vrou aanvaarbaar is vir die HERE, is die wesenlik belangrik om in die paradys te begin. Ons verwys spesifiek na Genesis 2:18-24. Hierdie perikoop verskaf méér as net 'n beskrywing van die besondere manier waarop ene Adam aan sy vrou gekom het. Die geskiedenis wat in Genesis 2 beskryf word, loop uit op 'n insetting van God vir alle mans en vroue wat uit Adam sou voortkom: *“Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees”*. Dit is nie net 'n kort weergawe van wat in Adam se privaatlewe gebeur het nie, maar 'n verordening

van God vir die toekoms. Dit word duidelik uit die eerste deel van die aanhaling: dit gaan oor die man wat 'sy vader en moeder verlaat'. Dit is nie eers op Adam van toepassing nie, hy het immers nie 'n vader of moeder gehad nie.

Vir almal wat die historiese betroubaarheid van Genesis 2 en 3 bely, is dit duidelik dat ons Genesis 2:18-24 nie kan afmaak as die reaksie van 'n spesifieke kultuur op die probleem van eensaamheid nie. Dit is ook nie 'n verklaring wat op 'n bepaalde tyd bedink is vir die wedersydse aantrekkingskrag tussen man en vrou nie. Genesis 2:18-24 is nie die vrug van een of ander kultuur nie. Die Skrifgedeelte bevat die skeppingsverordening, wat alle kulture voorafgaan, wat God gegee het toe Hy gesien het dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie (Gen. 2:18). Wat in Genesis 2:24 ingestel word, kan nie 'n kultuurverskynsel genoem word nie. Dit is 'n geskenk waarmee God van die begin af aan 'n norm vir die algemeen menslike behoefte aan 'n wederhelf ('n hulp wat by hom pas') in alle eeue en kulture voorsien.

Ons wil nou 'n paar opmerkings maak vanuit Genesis 2:24, en wat die beteken vir ons huwelikslewe vandag.

‘Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat’: Dit teken die krag en die hegtheid van die band tussen 'n man en sy vrou. 'n Sterker band selfs as dié tussen ouers en kinders: jy verlaat jou ouers daarvoor. Dit is ook 'n nuwe band: heeltemal 'n ander band as die een wat jy as kind met jou ouers gehad het.

Vergifnis vorm die kerk.

- RC Lucas

'En sy vrou aanhang'. Die werkwoord 'aanhang' kan, afhangend van die verband waarin dit gebruik word, verskillende nuanses in betekenis hê. Dit dui 'n verhouding aan, waarvan die aard en intensiteit afhanklik is van die persoon met wie die verhouding bestaan. As 'n skoondogter 'n goeie verhouding met haar skoonmoeder het, dink ons anders daaraan as die verhouding van 'n man met sy vrou. Die begrip 'verhouding' kry ook 'n nog ander kleur wanneer ons praat van ons persoonlike verhouding met God. Dit is ook so met die woord 'aanhang'. Dit kan innerlike geneetheid en lojaliteit aandui (Rut 1:14; 2 Sam. 20:2). Dit kan ook die gemeenskap met die Here beskryf (1 Kor. 6:17). Dat 'n man 'n vrou aanhang dui blykens 1 Korinthiërs 6:16 ("*hy wat 'n hoer aanhang*") op geslagsgemeenskap met 'n vrou. Wanneer met die aanhang deur 'n man van 'n vrou *innerlike geneetheid* bedoel word, word dit uitdruklik gestel: Sigem se siel het verkleef geraak aan Dina (Gen. 34:3) en Salomo het sy vroue met *liefde* aangehang (1 Kon. 11:2).

Geslagsgemeenskap word in die Skrif gewoonlik met die woord 'beken' aangedui (vgl. Matt. 1:25). Dat in Genesis 2:24 die woord 'aanhang' gebruik word, hang saam met wat daarop volg. Langs die weg van aanhang word man en vrou tot één vlees; hulle gaan 'n allesomvattende en onverbreeklike eenheid vorm.

Deur die woord 'aanhang' ('vasheg aan') te gebruik, laat die HERE in Genesis 2 verstaan dat geslagsgemeenskap nie iets vlugtig, terloops, iets van die oomblik is nie. Dit veronderstel of skep 'n volledige en permanente verhouding ('n 'één vlees wees'). Wie 'n vrou aanhang, is aan haar vas, of jy dit so ervaar en of jy daarvan bewus is of nie!

So word die woord ook in 1 Korinthiërs 6:16 gebruik: "*Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer*

aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees". Die ooreenkoms met Genesis 2:24 en 1 Korinthiërs 6 is onweerlegbaar.

Let ten slotte daarop dat Genesis 2:24 nie sê dat 'n man ' 'n vrou' aanhang nie, maar 'sy vrou'; die een wat reeds syne is!

'En hulle sal een vlees wees'. Dit word dikwels as aanduiding van geslagsgemeenskap opgeneem, maar dit is verkeerd. Dit blyk duidelik uit 1 Korinthiërs 6:15,16.

Man en vrou gaan 'n allesomvattende en onverbreeklike eenheid vorm.

In 1 Korinthiërs 6 is 'een liggaam' wees die *resultaat* van geslagsgemeenskap. Wie geslagsgemeenskap met 'n hoer het, gaan in 'n allesomvattende gemeenskap met haar, word een vlees met haar, maak die lede van Christus lede van 'n hoer! Paulus beskou die uitdrukking 'een vlees wees' dus duidelik as 'n totale eenheid na liggaam en siel. Ons druk die eenheid ook in ons gewone spraakgebruik uit wanneer ons sê: hierdie 'man en vrou is een'.

In Efesiërs 5 gebruik Paulus die uitdrukking 'een vlees wees' van Genesis 2:24 op dieselfde manier. In vers 28 skryf hy, met 'n beroep op Genesis 2, dat die man wat sy eie vrou liefhet, homself liefhet.

Uit wat die Here Jesus in Mattheüs 19 sê, blyk dit dat met 'een vlees wees' dit nie net gaan oor nie net 'n allesomvattende band nie, maar ook oor 'n onverbreekbare band. 'Een vlees wees' beteken om deur God saamgevoeg te wees en dat geen mens dit ongedaan mag maak nie (vgl. Vers 6: "*Wat God dan saamgevoeg het, mag*

Geloof is nie 'n eenmalige saak nie, maar om voortdurende te staar na die hart van die Drie-Enige God.

- AW Tozer

geen mens skei nie”).

Wanneer die Here Jesus en sy apostel Genesis 2:24 aanhaal, doen hulle dit in aansluiting by die Griekse vertaling van Genesis 2. Daar word nie geskryf ‘hulle sal een vlees wees’ nie, maar ‘die twee sal een vlees wees’ (Matt. 19:5; 1 Kor.

6:16; Ef. 5:31). Daarmee word nie iets aan Genesis 2:24 toegevoeg nie, maar dit bring die bedoeling van die reël van God in die paradys aan die lig: ‘n totale en lewenslange band tussen twee mense — ‘n band tussen één man en één vrou!

REKENSKAP

J Wesseling

Ons het dikwels vrae en groot onsekerheid oor die dag waarop ons voor die troon van God sal verskyn, by die wederkoms van Christus. Sal ons sondes nie tog op die een of ander manier aan die lig kom nie? Word ons slegte verlede weer opgerakel, sodat almal dit kan sien? Daar staan mos iewers geskrywe dat ons rekenskap sal moet gee van alles wat ons gedoen het, hetsy goed of kwaad?

Hierdie woorde laat ‘n mens inderdaad dink aan ‘n baie uitgebreide verantwoording wat ons sal moet doen: dat ons van elke ydele woord, elke verkeerde grap, elke misplaaste of kwetsende opmerking en so meer, ‘n verduideliking sal moet gee. Maar hier word twee tekste inmekaar geskuif en verkeerdelik aangehaal asof dit een en dieselfde is. As die Here Jesus Christus in Matteus 12 sê dat mense rekenskap sal moet gee van elke ydele woord wat hulle gespreek het, dan sê Hy dit in ‘n bepaalde situasie. Die Fariseërs weier om toe te gee dat Hy God se Seun is en skryf die werk van God toe aan die duiwel. Teen hierdie agtergrond sê Christus: hoe praat jy nou oor My? Dit is die konteks waarin Hy noem dat daar van elke ydele woord rekenskap gegee moet word: Hoe praat jy oor



Christus?!

So vind ons dit ook in artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, wat deur Guido de Brès geskryf is in die tyd toe die Christene deur die Roomse Inkwisisie vervolgd, gemartel en

Christus het nie vir mense gesterf indien hulle sou wou glo nie; Hy het vir God se kinders gesterf sodat hulle sal glo.

- John Owen

gedood is. Hy self is ook ter wille van sy geloof tereggestel. Mense sal moet rekenskap gee van elke ydele woord wat hulle gesprek het, selfs al beskou die wêreld sulke praatjies as kinderspel en tydverdryf (artikel 37 NGB). Teregstellings was in daardie tyd (1561) volksvermaak. Die hele dorp was teenwoordig op die dorpsplein. De Brès wil hiermee sê: Ek word by wyse van spreke vanweë my geloof tereggestel en die wêreld gooi my met vrot tamaties, maar eendag sal hierdie mense moet verduidelik hoe hulle deel kon wees van so iets.

Daar staan mos iewers geskrywe dat ons rekenskap sal moet gee van alles wat ons gedoen het, hetsy goed of kwaad?

In 2 Korinthiërs 5:10 lees ons: 'sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.' Daar staan dus *nie* dat ons rekenskap moet gee nie. God se vergewing is só royaal en groot dat ons kwaad weggewas word. Christus

is veroordeel om ons te verlos van die oordeel van God, wat anders oor ons sou kom. Die teregstelling, ons doodsvonnis, is op Golgota voltrek. In Christus is ons volmaakte mense. En ja, ook op hierdie punt is ons geloof nie volkome nie. Dit is vir ons baie keer moeilik om dit te glo: dit klink so mooi, maar so maklik raak ons tog seker nie van ons sondes ontslae nie?

Inderdaad, die lyding en sterwe van ons Heiland maak dat ons nie maklik nie, maar wel baie *genadiglik* van ons sondes verlos word. 'n Mens kan dit illustreer met die beeld van die wit klere wat Christus uitdeel. Onder die klere is die mens naak. Sonder die klere staan jy soos wat jy is, ten aanskoue van almal, swartgesmeer en vuil. Maar God sal op die jongste dag nie jou wit klere uittrek om te wys hoe naak en hoe vuil jy nou eintlik uit jouself was nie! Nee, jy is skoon gewas. En op die jongste dag mag jy wees wie jy in Christus is.

Die gehoorsaamheid en die geregtigheid van Christus word my toegereken en so opreg geskénk, asof ek in eie persoon vir alle sondes betaal en alle geregtigheid volbring het, wat Christus vir my volbring het (Nagmaalsformulier).

Miskien lê die diepte van ons geestelike krisis daarin dat die evangelie vir ons nie meer so asemrowend is dat ons selfs daarvoor sou sterwe nie. Dat ons so deur ons welvaart weggevoer word, dat ons nie meer kan ervaar hoe groot Christus werklik is nie. Waarom sou ons ons lewe volkome aan iemand wy vir wie ons nie bereid is om ons lewe te gee nie?

BJG Reitsma

Dit het vir ons geen waarde om naby die lig te wees as ons oë gesluit is, nie.

- Augustine

VERGIFNIS EN TEKENS VAN BEROU

B Luiten



Sonde verdwyn nie sommer net nie. Om versoening te laat plaasvind, daarvoor is skuldbelydenis voor God en mense nodig.

Indien dit moontlik is, moet dit slegs onder vier oë plaasvind. Sommige situasies vra egter spesifieke leiding van die kerkraad. Hierdie leiding van die kerkraad het nie in die eerste plek te make met die erns van die sonde nie, maar met die feit dat dit 'n sonde is wat meer algemeen bekend geword het (en dus nie net onder vier oë uitgesorteer kan word nie).

By so 'n weg van versoening is die skuldbelydenis van wesenlike belang. Die kerkraad sal veral let op voldoende tekens van berou. Uiteraard geld dit dan ook vir die gesprek wat onder vier oë plaasvind. Helaas word laasgenoemde soms nogal vergeet. Wanneer vergifnis ook in 'n persoonlike gesprek gevra kan word sonder dat ander mense iets daarvan weet, word daar dikwels 'n gemaklike houding ingeneem dat alles sommer vinnig afgehandel

kan word. Ongeveer op hierdie manier: "Ek kan tog nie méér doen as om te sê dat ek jammer is nie." (Hoekom is jy nou so moeilik?) "Vergewe my nou, ons is immers almal Christene!" (Dan kan ek gelukkig weer loop en alles behoort dan mos reg te wees?)

Dit is verstaanbaar dat so 'n gemaklike houding die oorsaak van spanning en verontwaardiging is.

Vergifnis is duur

Eén van die bekendste gelykenisse oor vergifnis gaan oor 'n koning wat die enorme groot skuld van sy kneg kwytgskeld het. Die blydschap van die dienaar moes hemelhoog gewees het. Maar toe hy buite die paleis kom, kon hy nie die skuld van 'n kollega kwytgskeld nie. Tereg was die koning baie kwaad hieroor en die dienaar moes daarom tog sy groot skuld aan die koning terugbetaal (Matteus 18:21-35).

As hierdie verhaal vertel of verduidelik word, lê die swak plek van die vertelling meestal by die deel oor die onderlinge vergifnis. Wat moes die een kneg die ander een kwytgskeld? Juffrou sê: 'n Paar 20c-stukke, dis nie baie nie hoor!' 'Net 'n handjie vol,' skryf die een Kleutervertelboek. 'n Paar R10-note,' leer die een katkisasie-metode die opgroeiende jongmense. Die geld het intussen gedevalueer, maar die strekking bly dieselfde: Dit was nie die moeite werd nie. Jy moenie neul oor onderlinge vergifnis nie. Jy reël dit sommer vinnig tydens 'n koffie of tee drink, want God vergewe jou mos baie meer, nie waar nie?

Christus kom met 'n seën in elke hand: vergifnis in die een, en heiligheid in die ander.

- AW Pink

Maar dit staan dus nie daar nie. Tussen die knegte het dit gegaan oor 'n skuld van 100 pennings. Dit is nie net 'n paar twintig sent stukke of 'n paar tien rand note nie, maar hier gaan dit oor 'n groot som geld.

Twee hoofstukke verder, in Matteus 20, staan die gelykenis van die arbeiders in die wingerd. Al die arbeiders is ná mekaar, op verskillende tye van die dag gehuur. Maar aan die einde van die dag kry almal dieselfde loon. Elkeen een penning.

Hoeveel is honderd pennings dan? Dit is honderd daglone vir 'n arbeider! Omgereken na ons 5-dag werksweek is dit 'n bruto inkomste van 'n goeie 5 maande se loon en vakansietoelaag bygetel. So begin ons die gelykenis baie beter verstaan.

Vergewing is duur. Dit vra baie van jouself en dit is nooit maklik nie. Wanneer jy dit aan jou lyf ervaar, raak jy al hoe meer beïndruk met die barmhartigheid van die koning. Hy het nie 'n vrygewige gebaar gemaak omdat hy tog ryk genoeg was nie, maar die uitsiglose lot van sy kneg het hom aangegryp. Daarom het hy die ontsettend groot skuld kwytgeskeld.

Wie dit besef, vra nie maklik en vanselfsprekend vergifnis van sondes aan die einde van die dag nie. Dit is nie moontlik nie. Elke sonde kan slegs verdwyn wanneer Christus bereidwillig is om die skuld daarvan te dra. Dit vra iets van Homself. Hy is ten volle bereid daartoe (die wonder van genade!), maar laat die gebed dan ook opreg en nadenkend wees.

Dit is dan ook die rede hoekom 'n kerkraad in voorkomende situasies kyk na tekens van berou. Nie om mense te verneder nie, maar om te voorkom dat genade goedkoop gemaak word. Wys die sondaar se houding dat hy regtig sy skuld besef en werklik hiervan wil afstand doen?

Is God se genade vir hom ook rede tot dankbaarheid, ens.? Ook wanneer die gesprek onder vier oë plaasvind en die kerkraad dus nie teenwoordig is nie, bly dieselfde beginsel van toepassing. Wie gesondig het teen God en mense, kan nie op 'n sekere oomblik verwag dat vergifnis *outomaties* sal plaasvind nie. Nee, die skuldige sal terdeë besef dat hy iets *kosbaars* vra van diegene wat hy benadeel het of aan wie hy skade berokken het.

Die skuldige sal terdeë besef dat hy iets *kosbaars* vra van diegene wat hy benadeel het of aan wie hy skade berokken het.

In die praktyk

Prakties gesien beteken dit in die eerste plek dat onderlinge skuld ook *bely* moet word.

Dit is iets anders as om dit maar net stilswyend as afgehandel te beskou en sand daaroor te laat waai. As sondaars onder mekaar dink ons gou dat so iets heel normaal is, maar so werk dit nie by die Here nie. Veral nie omdat daar 'n groot verskil is tussen die een situasie en die ander, bv.: Was die sonde opsetlik gepleeg of nie? Om te sê dat 'ons almal sondaars is', is in hierdie verband 'n onregverdige leë uitspraak.

Dan is daar nog die feit dat sand ook weer vinnig kan wegwaai, met name by 'n volgende storm. Wanneer iets nie deeglik uitgepraat en afgehandel word nie, sal dit steeds weer sy kop uitsteek en verhoudings blywend vertroebel. Dit kan nie die doel in die lewe wees van mense wat lewe uit genade nie. Jakobus skryf in hoofstuk 5 vers 16: "*Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.*"

Vervolgens moet daar nooit *dwang* aanwesig

Geestelike vleiers word al gou meer gerespekteer as geestelike vaders.

- William Jenkyn

wees dat vergewing geskenk móet word nie. Dit is in stryd met die wese van genade. Dit laat geen ruimte vir diegene wat seergekry het om sover te kóm nie. Baie keer is dit ook 'n simptoom dat die dader sy daad (en die gevolge daarvan) onvoldoende besef.

Let wel, dit is nie my bedoeling dat ons saam puntenerig hieroor word nie. So asof daar nooit iets op 'n eenvoudige manier vergewe kan word, sonder om dit tot op die been oop te kloof nie. Maar hier gaan dit vir my oor die rêrig verkeerde dade waardeur mense skade gely of seergekry het. Bloedskande is miskien 'n vervelige voorbeeld. Tog gebeur dit. Daar is baie ander maniere waar kinders jarelank deur hul eie ouers geestelik mishandel word. Ook op latere leeftyd kan ontkenning vir 'n mens die verwoesting van sy of haar lewe wees.

Plaas dit in God se hande, moenie bang wees dat Hy sal vergeet nie en weet dat jy bevry is van die verlede.

Helaas is daar daders wat dit wel stelselmatig ontken of as iets onbeduidends afmaak. 'Ag ja, daar het wel iets gebeur, maar moet 'n mens nou so 'n ophef daarvan maak?' Ander kom verder op hierdie pad, maar as die sonde byvoorbeeld al tien jaar gelede gebeur het, is sy houding: 'Ja, dit moes nie gebeur het nie, ek is jammer, maar is dit vir jou nou nog steeds 'n probleem?' 'n Persoon vra opreg vergifnis, maar eintlik is hy net met homself beïndruk omdat hy dit gevra het. Die ander party het nou alles ontvang en moenie verder kerm of kla nie.

So gebeur dit dan dat mense wat seergemaak is, by my kom met die vraag of hulle vergewing moet skenk. Daar is nog 'n groot gevoel van

verontwaardiging binne hulle, waardeur hulle ingeperk, maar terselfdertyd skuldig voel. Mens moet mekaar tog vergewe?

Na my mening is die oorsaak baie keer die sigbare ontbreking van tekens van berou. Die dader laat blyk dat die saak vir hom afgehandel is. Hy wil ontslae raak daarvan, ook al is dit wel met 'n knieval of onderdanigheidsdaad, maar hy het geen besef van die gevolge van die skade by die slagoffer nie. Sodoende is sy vraag na vergewing ontoereikend.

In so 'n situasie probeer ek verduidelik dat die seergemaakte broer/suster nie op so 'n vraag oor vergifnis hoef te reageer nie, terwyl dit ook geen skuldgevoel hoef op te lewer nie. Dit is immers ook die manier hoe God handel?

Wanneer dit byvoorbeeld oor bloedskande gaan, raai ek die dader aan om vir 'n tyd vir behandeling te gaan, bv. ses maande. So kan daar dan aan hom verduidelik word wat hy gedoen het, wat die gevolge daarvan is en hoe hy homself *blywend* moet instel om nuwe skade te voorkom deur woorde en dade. Die bereidheid om dit te doen sal 'n groot teken van berou vir die slagoffer wees, wat self dikwels al jare lank terapie ontvang.

Prediking

In verband hiermee kan ek nie anders as om iets van die prediking te sê nie. Veral oor Sondag 51, die vyfde bede: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe."

In my bediening praat ek met baie jongmense vanuit die hele land. Dit het al meer as eenkeer wanhoop by my opgewek, omdat hulle nie weet wat om met die preek te doen wat hulle gehoor het nie. 'Ek móet almal vergewe, het die predikant gesê. Maar ek kán nie!'

Eerlik gesê onthou ek self ook nog van daardie

Niks laat ons so baie soos God lyk as wanneer ons ander opreg vergewe, nie.

- Chrysostom

soort preke.

Ek lees ook artikels met hierdie selfde gedagtegang.

Is daarin soms sprake van 'n 'blinde kol'?

Want hierin is ongetwyfeld 'n groot element van waarheid. Maar dit is so eensydig, want vergewing kan partykeer ook onmoontlik wees omdat *daar nie voor gevra is nie*, of omdat daar *geen skuldbelydenis was nie*, of die ontbreking van tekens van *opregte berou*.

Volgens my mag dit in die verkondiging nie ontbreek nie. In Sondag 51 word dit juis so versigtig geformuleer. Daar staan nie, dat ons 'almal moet vergewe' nie, maar dat ons '*die ernstige voorneme*' daartoe sal hê. Dit is wel iets anders. Ons bely dat ons almal sal vergewe wat ons opreg/eerlik daarna vra, net soos dit plaasvind in die genoemde gelykenis (Matteus 18:26, 29 en 32).

Ook in Matteus 6:9-15 is die konteks dat daar vir vergewing *gebid* word. Sodoende kan dit wat daar staan nie sommer toegepas word in alle situasies nie. Daarom is dit jammer wanneer dit met die uitleg van hierdie tekste baie keer uit die oog verloor word. Volgens my is dit helaas nodig, om ook by die kategeseklasse en Bybelstudies, altyd in ons gesprekke daarmee rekening te hou dat daar moontlik iemand aanwesig kàn wees wat 'n slagoffer van bloedsande of iets dergeliks is. Net soos wat ons ook rekening hou met ander moontlike situasies. Anders sou ons (stilswyend) vir die soveelste keer vir ontkenning in die lewe van 'n seun of meisie sorg en dit sal veroorsaak dat hulle nooit met hul hartseer na ons toe sal kom nie.

Wraaksug?

Dit kan dus gebeur dat 'n Christen met 'n skoon

gewete nie vergifnis aan iemand skenk nie. God vergewe ook nie wanneer Hy geen berou sien nie.

Dit kan egter maklik daartoe lei dat 'n seergemaakte persoon bly voortleef in sy verantwoording. Of selfs haatgevoelens begin koester of toegee aan wraakgedagtes.

So ver moet dit beslis nie kom nie, want God wil nie hê dat ons so moet lewe nie. Bowendien sou die slagoffer *op hierdie manier lewenslank* in die greep van die dader bly: Eers word hy beskuldig deur die daad en nou deur sy hardkoppige weiering om skuld te erken.

Dit bied nie 'n oplossing nie.

Ons Heiland wys ons 'n beter pad in Romeine 12:19: "*Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here.*"

Met ander woorde: Plaas dit in God se hande, moenie bang wees dat Hy sal vergeet nie en weet dat jy bevry is van die verlede.

Jesus was mos alle vuilheid weg? Dit geld vir jou eie én 'n ander se sondes, waardeur die lewe skade berokken word. Ons Verlosser sorg daarvoor dat ons nêrens bly vassit nie.

So konkreet mag Sy bevryding ingevul word. Ons is net afhanklik van Hom in ons nuwe lewe, nie van mense nie en ook nie van 'n skuldbelydenis van 'n dader nie.

Wie dit ernstig opneem, kan sy vyand te ete en te drinke gee (Romeine 12:20). Hy kan selfs vir hom bid. Met tyd maak God dalk sy oë oop en kom daar tog nog 'n teken van egte berou.

Ons ken nie slegs God deur Jesus Christus nie. Ons kan ook nie onself ken behalwe deur Jesus Christus nie

- Elaise Pascal